



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 6 (Deel 2): DIE DERDE FEESSEISOEN: TESHUVAH – DIE DAE VAN TERUGKEER

INHOUD VAN LES 6 (Deel 2)

- ❖ Hersiening
- ❖ *Teshuva* en Messias
- ❖ Die resultaat van *Teshuvah*
- ❖ Die vier stappe van *Teshuvah*
- ❖ *Teshuvah* – die toets van die hart
- ❖ 'n Nuwe begin
- ❖ Bepeins of bespreek

Hersiening

Opsommend net weer die volgende ten opsigte van *Teshuvah*:

1. YHVH se laaste afspraak in die jaarlikse siklus van bestemde tye word volgens Joodse tradisie vooraf gegaan deur 'n tydperk bekend as *Teshuvah*. Volgens die Joodse kalender is die aanvang van *Teshuvah* altyd op die eerste dag van die maand Elul en eindig op die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) – 'n tydperk dus van 40 dae. Die laaste tien dae van *Teshuva*, naamlik vanaf *Yom Teruah* tot en met *Yom Kippur* staan bekend as die Dae van Ontslag (Eerbied), asook die Dae van Berou (Verootmoediging).
2. *Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om terug te keer na Torah, naamlik na YHVH se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias. Dit is om met berou en verootmoediging terug te keer nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand. Is jy die persoon wat YHVH beplan het jy moet wees of het jy weg beweeg van Sy skeppingsdoel vir jou. Leef jy in gehoorsaamheid aan Torah weens jou liefde vir YHVH Yeshua of volg jy jou

eie geestelike weg? Is jy in gedagtes, woorde en daade gelykvormig aan Yeshua die Lewende Torah – die Woord wat vlees geword het (Joh.1:1 en 2)? Indien nie – keer terug!!!

3. *Teshuvah* is 'n geleentheid vir die bruid om seker te maak dat sy vlekkeloos en onberispelik vir die Bruidegom wag om haar te kom haal. Dit is 'n geleentheid om met YHVH se vergrootglas jouself te ondersoek en te vra of jy 'n gehoorsame kind in die Vader se huishouding is?

TESHUVAH EN MESSIAS

1. Ons weet dat Yeshua Messias gedurende die seisoen van *Sukkot* gebore is. Volgens die evangelie van Lukas was Hy ongeveer 30 jaar oud toe Hy met Sy bediening begin het (Luk. 3:23). Dit was ook in hierdie dae dat Yeshua deur Johannes gedoop is, naamlik dat Hy 'n spesiale *mikveh* ondergaan het (onderdompeling in water) (Matt. 3:13 tot 17) en daarna deur die Gees die woestyn ingelei is om deur Satan vir 40 dae versoek te word (Matt. 4:1 tot 11). Die doop (*mikveh*) van Yeshua was om alle geregtigheid te vervul – om alles te doen wat onpartydigheid en opregtheid vereis (Matt. 3:14 en 15). Daar is genoegsame getuienis wat daarop dui dat Yeshua se doop en sy veertig dae in die woestyn alles gedurende *Teshuvah* plaasgevind het.
2. Hierdie moontlikheid word versterk in die lig daarvan dat dit volgens oorlewering 'n gebruik is om tydens *Teshuvah* 'n *mikveh* te ondergaan. Hierdie is 'n simboliese reinigingsproses wat getuig van 'n wassing deur YHVH se Woord (Ef. 5:25 en 26) en as bede tot YHVH om 'n goeie gewete (1 Pet. 3:21). Dit is 'n sigbare handeling en getuienis van 'n innerlike verandering wat tydens *Teshuvah* plaasgevind het en dus van jou reinigingsproses, asook 'n getuienis dat jy die geregtigheid van YHVH is. YHVH se Woord is Yeshua Messias, en Hy is die Een wat ons "was" (reinig) van al ons ongeregtighede.

Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

2 Kor. 7:1.

DIE RESULTAAT VAN TESHUVAH

1. *Teshuvah* moet nie gesien word as 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar as 'n voortdurende proses wat op 'n daaglikse basis moet geskied. Een keer per jaar vir 40 dae lank plaas ons egter ons fokus op 'n daadwerklike selfondersoek en evaluering waar YHVH se Torah as meetsnoer (skietlood) gebruik word.

Dit het Hy my laat sien – kyk, YHVH het op 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand. Toe sê YHVH vir my: Wat sien jy, Amos? En ek het geantwoord: 'n Skietlood. Daarop sê YHVH: Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie. Amos 7:7 en 8.

2. Gedurende die 40 dae van *Teshuvah* meet ek met YHVH se skietlood of die bouwerk aan Sy tempel, naamlik my liggaam, sekuur (akkuraat en presies) volgens spesifikasie, en met die regte boumateriaal, op die fondament van Yeshua Messias gebou word. Is beide die binne afwerking (gees en siel) en buite afwerking (liggaam) volgens YHVH se standaard?

Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Yeshua Messias. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. 1 Kor. 3:11 tot 13

3. Die einddoel van die 40 dae van *Teshuvah* is om aan die einde daarvan, op *Yom Kippur* (Dag van Versoening), voor YHVH te staan as gewas met Sy Woord in Yeshua en met 'n skoon gewete. Gedurende hierdie tyd word ons die offer wat ons aan YHVH bring, sodat Sy vuur al die hout, hooi en stoppels van die wêreld se begeerlikhede weg kan brand. Dit is 'n tyd om ons gemoed weer te vernuwe sodat ons sal weet wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van YHVH ons Vader is.

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdienste. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1 en 2

4. *Teshuvah* is geleentheid om jou vordering op die pad van afgesonderheid (heiligmaking; *set-apartness*) te kontroleer. Dit is om seker te maak dat jy afgesonderd (heilig) in YHVH se Woord van waarheid leef (Joh. 17:17). YHVH het ons reeds voor die grondlegging van die wêreld uitverkies om afgesonderd en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Ef. 1:4). Die doelwit is om volmaak en afgesonderd in Yeshua Messias te wees.

Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. Matt. 5:48

Daarom, bind die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, Die Gesalfde Een, soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie, maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is, omdat daar geskrywe is: "Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is." 1 Pet. 1:14 tot 16 (PWL)

DIE VIER STAPPE VAN TESHUVAH

1. Versaak die sonde

Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. Spr. 28:13

- 1.1. Sonde, naamlik die oortreding van Torah (die wet)(1 Joh. 3:4), is die mens se grootste vyand wat die verhouding met sy Skepper versteur en

gevolglik dat die mens nie YHVH se seëninge ontvang nie. As geregverdigdes in Yeshua moet ons hierdie vyand (sonde) nie vrees nie, want Yeshua Messias het hom reeds oorwin. *Teshuvah* is die geleentheid om hierdie vyand in ons lewe te identifiseer, maar te besef dat hy reeds oorwin is. Ons kan nie ons vyand (sonde) wegsteek nie, maar ons moet hom uitlewer. Daarom kan ons nie toelaat dat sonde oor ons heers nie en nie toelaat om aan sy begeerlikhede gehoorsaam te wees nie (Rom. 6:12). Ons moet onself as dood vir die sonde beskou, maar lewend vir YHVH in Yeshua Messias (Rom. 6:11). *Teshuvah* is om jou "dienskontrak" met Satan tot niet te verklaar en jou "dienskontrak" met YHVH te hernu (Rom. 6:13).

So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir Elohiem in die Messias Yahshua, ons Meester. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van Elohiem as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van Elohiem. Rom. 6:11 tot 13 (Woord en Getuienis).

1.2. Ware inkeer, naamlik versaking van die sonde, is wanneer dieselfde versoeking onder dieselfde omstandighede daadwerklik weerstaan word. *Teshuva* is hierdie oomblik van waarheid. Dit is die geleentheid om sonde te versaak.

2. Ware Berou

2.1. Daar kan geen ware berou wees indien die sonde nie versaak word nie. Sonde versteur verhoudings. Ware berou is berou oor 'n versteurde verhouding met YHVH en met medemens omrede die liefdesgebod, naamlik liefde vir YHVH en liefde vir medemens, oortree is (Matt. 22:37 tot 39). Oortreding van hierdie liefdesgebod is die voedingsbron vir alle ander sondes. Ware berou is 'n erkenning dat ons YHVH nie liefgehad het met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand nie, en ook nie ons naaste liefgehad het soos onself nie.

2.2. Ware berou is berou oor die oorsaak van sonde, naamlik berou oor die sondige natuur van die vlees wat nog nie saam met Yeshua aan die folterpaal gesterf het nie. Berou oor die gevolge van sonde is nie ware berou nie, maar eerder selfbejammering!!

3. Bely en vra vergifnis

3.1. Belydenis is om met ware berou die oortreding van Torah in die teenwoordig van die Vader te erken (te bely). Dit is 'n erkenning dat daar afgewyk is van die weg van YHVH se geregtigheid en sodoende die Almagtige se doel vir die mens gemis het. Dit is om soos 'n kind na sy vader te gaan en om daar om vergifnis te vra.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. Psalm 51:6

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. 1 Joh. 1:9

Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word..... Jak. 5:16

3.2. *Teshuvah* is ook die geleentheid om verkeerdhede reg te stel, naamlik om nie slegs vergifnis te vra vir wat jy aan ander gedoen het nie, maar om ook restitusie te doen (te vergoed, te herstel, terug te gee, skuld te betaal) waar moontlik. Dit is ook geleentheid om seker te maak dat jy almal vergewe het. Ons kan slegs vergifnis ontvang indien ons dié vergewe wat 'n onreg aan ons gedoen het (Matt. 6:14 en 15). Ons kan slegs YHWH se seën ontvang terwyl ons aan niemand iets verskuldig is nie, behalwe om mekaar lief te hê (Rom. 13:8).

4. **Ontvang Vergifnis**

Die *Teshuvah*-proses kan slegs voltooi wees indien vergifnis ontvang word. Sommige vind dit moeilik om hulleself te vergewe ten spyte van die belofte in 1 Joh. 1:9 wat sê: *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.* Om **nie** die vergifnis wat YHWH ons belowe te ontvang nie, is wantroue in Sy onverdiende guns en ook hoogmoed. Ja, hoogmoed, want jy verhef jou bokant die Vader wat jou vergewe, maar jy vergewe nie jouself nie. *Teshuvah* is die waarborg tot vergifnis. In geloof ontvang ons YHWH se vergifnis en moet ons nie langer fokus op die sondes van ons verlede nie, maar met ywer strewe na ons hoër roeping in Yeshua Messias (Fil. 3:14).

TESHUVAH – DIE TOETS VAN DIE HART

1. *Teshuvah* is die bereidswilligheid om vir 'n hartsondersoek te gaan en dan YHWH se belofte van vergifnis en versoening te ontvang.

Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom. Job. 23:10

Toets my, YHWH, en beproef my, keur my niere en my hart; Ps. 26:2

Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg! Ps. 139:23 en 24

Die smeltkroes is vir die silwer en die oond vir die goud, maar YHWH toets die harte. Spr.17:3

As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! —sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk. Spr. 24:12

Ek, YHVH, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling. Jer. 17:10

Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: YHVH, my God! Sag. 13:9

2. Na *Teshuvah* ontvang ons weer met dankbare harte die belofte van die hernieuwe verbond:

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek YHVH: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken YHVH nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregthede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. Heb. 8:10 tot 12

'N NUWE BEGIN

1. *Teshuvah* is 'n geskenk van YHVH – die geleentheid om die sonde te versaak en weer nuut te begin. Dit is 'n geleentheid om met ware berou terug te kyk, te bely waar jy in jou verhouding met Abba gefaal het, en dan om vergifnis te vra en ook vergifnis te ontvang.
2. In vele opsigte kan *Teshuvah* dus met wedergeboorte vegelyk word, want dit is 'n herinnering dat jy 'n sondaar is wat 'n Verlosser nodig het. Dit is 'n geleentheid om jou weer te bekeer, maar nou verstaan jy beter waarvan om jou te bekeer. Nou kan jy uit die verlede leer om nie weer dieselfde foute in die toekoms te begaan nie.
3. *Teshuvah* is nie om soos die Fariseër te roem op jou goeie werke nie, maar om soos die tollenaar eenkant te gaan staan en op jou bors te slaan en uit te roep: *o God, wees my, sondaar, genadig* (Luk. 18:10 tot 13)!!!
4. *Teshuvah* is 'n herinnering aan YHVH se onverdiende guns in Yeshua Messias!! Die Gesalfde Een kom weer om Sy vlekkelose bruid te kom haal. Is jy deel van die bruid?

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Hoekom 40 dae van *Teshuvah*? Het jy al ooit vir 40 dae gevas? Diegene wat dit wel gedoen het, sal so 'n vas nooit vergeet nie, want dit sal 'n blywende herinnering wees van dit wat jy in daardie tyd ondervind en geleer het. Net so sal *Teshuvah* vir 40 dae 'n blywende herinnering wees dat elke dag van jou lewe *Teshuvah* is.

2. Is 'n simboliese afwassing van sonde deur 'n *mikveh* (onderdompeling in water) tydens die 40 dae van *Teshuvah* vir jou vreemd? Klink dit soos om "herdoop" te word? Onthou egter dat wat aan ons bekend is as die doop is nie uniek tot die hernieude (nuwe) verbond nie. Daarom: Het Yeshua die doop ingestel??

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliel.info
Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.